



## Resensies / Reviews

### Boekaankondiging: John Calvin and “social ethics”

**Schulze, Ludi F.** 2008. [John] Calvin and “social ethics”: his views on property, interest and usury. Potchefstroom: Calvin Jubilee Books Fund. 70 p. Price: R60,00. ISBN: 978-0-86955-189-0.

**Resensent:** B.J. van der Walt  
Skool vir Filosofie,  
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Die herdenking van Calvyn se geboortejaar 500 jaar gelede (1509) het ook in Suid-Afrika heelwat publikasies gedurende 2009 en 2010 die lig laat sien. So is daar byvoorbeeld ’n Afrikaanse vertaling van Calvyn se kommentaar op Romeine deur S. Postma en ’n spesiale uitgawe van *Koers*, 74(4), 2009, wat die lesings van die Agtste Suid-Afrikaanse Calvyn-navorsingskongres oor Calvyn en kategetiese bevat. In Augustus 2010 word ook die Tiende Internasionale Kongres vir Calvynnavorsing in Bloemfontein gehou.

In hierdie proses verskyn vroeëre geskryfte oor Calvyn se denke. Oor Calvyn se visie op die sosiaal-ekonomiese lewe, herdruk (met ’n addendum) die *Tydskrif vir geesteswetenskappe* (2009) B. Goudzwaard se vroeëre IRS-studiestuk. In 2010 publiseer die *Tydskrif vir Christelike wetenskap* (jrg. 46) ’n Johannes Calvyn-gedenkuitgawe. L.F. Schulze se *John Calvin and “social ethics”* (in 1979 voltooi en in 1985 uitgegee) word ook onveranderd in 2010 deur die Calvyn Jubileum Boekefonds herdruk. Die subtitel van die boek dui aan waarop dit fokus: Calvyn se visie op (privaat) eiendom, rente en woekerwins.

Aangesien hierdie slegs ’n aankondiging en geen diepgaande bespreking van die boek is nie, volg slegs enkele algemene indrukke.

Die skrywer bied 'n goed gedokumenteerde weergawe van Calvyn se eie visie oor die onderwerp (p. 10-47). Ook al het ek my eie vrae oor die etiese panasee wat vandag vir alles en nog wat aangebied word, vind ek sy kritiek op “sosiale etiek” – vgl. die baie sosiaal-etiese probleme waarmee die wêreld vandag mee te kampe het – nie oortuigend nie.

Verder vind ek die omraming waarbinne Schulze Calvyn plaas, naamlik die vraag of die sestiende-eeuse Reformasie as 'n revolusie beskryf mag word (p. 1-10, 48-50) nie van groot belang nie. Die geskrif het duidelik aan die einde van die sewentigerjare ontstaan toe kommunistiese en apartheidsideologieë die geestesklimaat van die tyd was. Aangesien dit nou iets van die verlede is, sou die werk aan aktualiteit kon wen indien die relevansie van Calvyn se denke eerder vir die hedendaagse wêreldwye neokapitalistiese ideologie aangetoon kon word. Daarvoor sou onder andere Goudzwaard se geskrifte goed gebruik kon word. In so 'n geval sou die huidige teks egter bygewerk moes word.

Ten slotte vind ek nog altyd D.H. Th. Vollenhoven se tipering van die diepste bedoeling van Calvyn en die ander sestiende-eeuse reformatore die heel beste. Vergelyk sy werk, *De probleem-historische methode en de geschiedenis van de wijsbegeerte* (2005:74, 79). Die motief was nie 'n horisontale terugkeer na die verlede nie, maar vertikale bekering tot God, sy Woord en wet. Dit het egter nie op strukturele volmaakte wyse gebeur nie (vgl. byvoorbeeld die invloed van bybelsvreemde Platoniese en Stoïsynse filosofieë). Die kulturele konteks van destyds was ook nie sonder invloed op hulle denke nie. Schulze wys tereg daarop dat die Reformasie 'n baie komplekse gebeurtenis met vele fasette was.